



BESIGHEIDSTUDIES

HERSIENINGSBOEKIE

2025 KWARTAAL 2

GRAAD 10

Hierdie hersienings program is ontwerp om jou te help met die hersiening van die kritieke inhoud en vaardighede wat gedurende die 2^{de} kwartaal gedek was. Die doel is om jou voor te berei om die sleutel konsepte te verstaan en om jou die geleentheid te bied om die vereiste standaard te bereik en die toepassing van die kennis wat nodig is om in die Finale NSS-eksamen te slaag, te bemeester.

Die hersienings program dek die volgende onderwerpe:

- Besigheidsektore
- Kontemporêre sosio-ekonomiese kwessies
- Sosiale/Maatskaplike verantwoordelikheid
- Ondernemingsvorme

INDEKS BLADSY

	Inhoud	Bladsynommers
1	Besigheidsektore	2 - 6
2	Kontemporêre sosio-ekonomiese kwessies	7 - 15
3	Sosiale/Maatskaplike verantwoordelikheid	16 - 21
4	Ondernemingsvorme	22 - 27

Hierdie hersieningsboekie dek die VIER onderwerpe wat in Kwartaal 2 behandel was.

Die eerste onderwerp waarop ons sal fokus is:

1. BESIGHEIDSEKTORE

1.1 Sleutel konsepte

- **Primêre sektor:** handel oor die ontginning van grondstowwe en natuurlike hulpbronne.
- **Sekondêre sektor:** behels die proses van transformasie van grondstowwe in voltooide of onvoltooide produkte.
- **Tersiêre sektor:** verwys na nywerhede wat dienste aan ander besighede en verbruikers aanbied.
- **Formele sektor:** besighede in die formele sektor is geregistreerde besighede wat belasting aan die regering betaal.
- **Informele sektor:** besighede in die informele sektor verwys na besighede wat nie geregistreer is nie en nie belasting op die wins van die besigheid betaal nie.
- **Privaatsektor:** bestaan uit besighede wat besit, bestuur en beheer word deur individue en organisasies wat poog om wins te genereer.
- **Openbare sektor:** is die deel van die ekonomie, waar goedere en dienste deur die regering of plaaslike owerhede die taak verskaf.

1.2 Inleiding

In Graad 9 Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (EBW) het jy geleer oor die Sektore van die ekonomie in entrepreneurskap. Ons sal voortgaan om te leer oor hierdie sektore met die fokus op:

- die betekenis en verhouding tussen die drie besigheidsektore
- die betekenis en belangrikheid van die formele en informele sektore
- die betekenis en doel van die openbare en private sektor.

In Graad 11 fokus ons op die drie sektore se skakel/verwantskap en in Graad 12 is die fokus op die identifisering van die besigheidsektore en die klassifikasie van die

uitdagings volgens die drie besigheidsomgewings.

1.3 Betekenis van die primêre, sekondêre en tersiêre sektore.

Laer orde vraag	1	Gee voorbeelde van aktiwiteite in die primêre, sekondêre en tersiêre sektore
Middel orde vraag	2	Definieer/Verduidelik die betekenis van die primêre, sekondêre en tersiêre sektore.
Hoër orde vraag	3	

SEKTOR	BESKRYWING	VOORBEELDE
Primêre Sektor 	• Verkry natuurlike hulpbronne uit die natuur • Natuurlike hulpbronne word as grondstowwe aan die sekondêre sektor verkoop • Natuurlikhulpbronne wat nie mensgemaak is nie soos steenkool, goud, vis en vee word uit hierdie sektor onttrek	• Mynbou • Visvang • Landbou • Bosbou
Sekondêre Sektor 	• Omskep grondstowwe in finale goedere vir verbruik deur die verbruikers • Dit sluit die vervaardigingsfabrieke, konstruksie en energieopwekking in	• Vervaardigingsbedryf • Konstruksie bedryf • Elektrisiteit opwekking • Voorsiening van water
Tersiêre Sektor 	• Verwys na alle industrieë wat dienste aan ander besighede en verbruikers bied. • Ook bekend as die dienstebedryf • Dit sluit dienste van vervoer, bankwese, reg en gesondheid in.	• Kleinhandelaars • Groothandelaars • Banke • Versekering • Vervoer • Toerisme • Gasvryheid industrie

1.4 Die verhouding tussen die primêre, sekondêre en tersiêre sektore.

Laer orde vraag	1	
Middel orde vraag	2	Verduidelik/Beskryf/Bespreek die verband tussen hierdie sektore.
Hoër orde vraag	3	

1.4.1 Die sektore werk saam om 'n ... produksie ketting te skep.

1.4.2 Die primêre sektor ontgin die ..., die sekondêre sektor ... die grondstowwe in nuttige goedere.

1.4.3 Die tersiêre sektor ... die goedere of dienste en ... die aktiwiteite van die primêre en sekondêre sektore.

Voorbeeld: Lays skyfies se paaitjie deur die drie sektore

AKTIWITEIT	SEKTOR
Aartappels word deur Darling Aartappels gekweek.	Primêre sektor
Die aartappels word verkoop aan Simba.	
Simba gebruik die aartappels om Lays-skyfies te vervaardig.	Sekondêre sektor
Lays-skyfies word aan kleinhandelaars soos Shoprite/Checkers of Pick 'n Pay verkoop.	
Kleinhandelaars verkoop die skyfies aan die verbruiker.	Tersiêre sektor



1.5 Betekenis van die formele en informele sektore en voorbeelde van elk

Laer orde vraag	1	
Middel orde vraag	2	Definieer/Brei uit oor die betekenis van die formele en informele sektore. Gee praktiese voorbeelde van elk
Hoër orde vraag	3	

FORMELE	INFORMEEL
Verwys na alle geregistreerde besighede wat belasting betaal aan die regering	Verwys na daardie besighede wat nie wettig geregistreer is nie en nie belasting op die inkomste van die besigheid betaal nie.
Aktiwiteite word ingesluit in die BBP-syfers van die land	Aktiwiteite word nie by BBP-syfers ingesluit nie
Bv. Groot en klein besighede soos Kentucky Fried Chicken/Shoprite 	- Bv. Verskaf dienste soos taxi's of tuindienste oF vervaardig leer handsakke en krale. - Kleinstalletjies op straat hoeke. 



BBP verwys na die Bruto Binnelandse Produk. BBP is die totale waarde van goedere geproduseer en dienste gelewer in 'n land vir een jaar

1.6 Betekenis van die openbare en private sektor

Laer orde vraag	1	
Middel orde vraag	2	Definieer/Brei uit oor die betekenis van die openbare en private sektor
Hoër orde vraag	3	



Publieke sektor	• Verwys na dié nywerhede wat deur die regering beheer word en wat ondersteuningsdienste aan die gemeenskap bied. • Hierdie dienste word deur die mark onderwaardeer en die regering moet dus die dienste aan die burgers van die land lewer. • Hierdie dienste is dikwels noodsaaklike dienste • Voorbeeld: afvalverwydering, onderwys, wets toepassing; gesondheid, ens.
Privaat sektor	• Die hoofdoel van besighede in die private sektor is om wins te maak • Die eienaars versamel die kapitaal om die besigheid te begin. • Hulle deel ook in die wins van die onderneming • Wanneer die regering 'n besigheid in die openbare sektor aan die private sektor verkoop, staan die proses bekend as privatisering. • Voorbeelde: banke, restaurante, hotelle, kleinhandelwinkels, ens.

1.7 Hoofdoel van die openbare en private sektor.

Laer orde vraag	1	
Middel orde vraag	2	Verduidelik die hoofdoel van die openbare en private sektor.
Hoër orde vraag	3	

Die belangrikheid van die formele sektor

- Besigheids aktiwiteite word ingesluit in die ... syfers van die land.
- Ondernemings betaal ... op hul winste.
- Mense wat by ondernemings werk, betaal ... inkomstebelasting.
- Verskaf ... geleenthede aan hoogs geskoolde, halfgeskoolde en ongeskoolde arbeiders.

Die belangrikheid van die informele sektor

- Moedig ... en self-indiensneming aan.
- Verskaf werkseleenthede vir gemeenskappe en dra by tot ... verligting.
- Mense wat in die informele sektor werk, doen ... ervaring op, wat hulle in staat stel om in die formele sektor aansoek te doen vir werk.
- Dit is maklik om hierdie sektor te betree en in die ... van individue te voorsien.

2. KONTEMPORÊRE SOSIO-EKONOMIESE KWESSIES

2.1 Sleutelkonsepte:

- **Ongelykheid:** verwys na die verskil in inkomstevlakke en rykdom tussen groepe mense.
- **Armoede:** gedefinieer as die gebrek aan hulpbronne om in basiese menslike behoeftes te voorsien.
- **Inklusiwiteit:** beteken dat alle aangewese rasse-groepe toegang moet hê tot die dieselfde geleenthede ten spyte van hul kleur, geloof of geslag.
- **Dobbel:** 'n risiko wat mense neem deur 'n kans te waag met geld in die hoop om geld of 'n prys te wen.
- **Vervalsing/ nabootsing:** die proses van bedrieglike vervaardiging, verandering of verspreiding van 'n produk wat van minder waarde is as die oorspronklike produk.
- **Smokkelary:** verwys na die onwettige vervaardiging van vervalste goedere wat te koop is.
- **Rowery:** onwettige kopiëring of nabootsing van iemand se produk wat besigheids-bedrywighede raak.
- **Stakings:** 'n vorm van nywerheidsaksie waar werkers weier om te werk.
- **Politieke protesoptogte:** vind plaas wanneer 'n groep mense protesteer vind plaas wanneer 'n groep mense protesteer om te wys hul is gekant met die hantering van 'n situasie in die land.
- **Arbeidsgeskillen:** wanneer die werkgewer en werknemer verskil oor belangrike kwessies, byvoorbeeld jaarlikse salaris of loonverhogings.
- **Sloerstakings:** 'n vorm van nywerheidsaksie waar werkers gaan werk maar voer hul daaglikse take baie stadig uit, wat die tempo van produksie beperk.
- **Uitsluitings:** wanneer die sake-eienaars nie die werkers toelaat om te werk nie en verhoed dat hulle die werkplek binnegaan om skade te voorkom.
- **Misdaad:** enige onwettige daad of aktiwiteit wat deur die wet strafbaar is.

2.2 Betekenis van sosio-ekonomiese kwessies

Laer orde vraag	1	Definieer die betekenis van sosio-ekonomiese kwessies
Middelorde-vraag	2	Brei uit oor die betekenis van sosio-ekonomiese kwessies
Hoër Orde Vraag	3	



Die gebruik van die aksie werkwoord bepaal die antwoorde wat vereis word en die nasien beginsels wat toegepas sal word wanneer jou antwoorde gemerk word.

Definieer en Brei uit: Gesplete/Deel punte sal toegeken word. Een punt sal vir die feit toegeken word en 'n bykomende punt vir verduideliking van die feit.

Kom ons kyk na 'n voorbeeld:

- Sosio-ekonomiese kwessies is aspekte wat 'n negatiewe uitwerking het ✓ op die individu, gemeenskappe en besigheid. ✓
- Hierdie kwessies is maatskaplike en ekonomiese faktore ✓ in die makro-omgewing. ✓
- Sommige van die sosio-ekonomiese kwessies wat Suid-Afrikaners in die gesig staar ✓ sluit in ongelykheid, ✓ armoede, inklusiwiteit, MIV/VIGS, dobbelary, vervalsing, stakings, politieke onrus en misdaad in.

2.3 Redes waarom sosio-ekonomiese kwessies 'n uitdaging vir besigheid kan inhou

Laer orde vraag	1	
Middelorde-vraag	2	Brei uit oor die redes waarom sosio-ekonomiese kwessies 'n uitdaging vir besighede kan inhou.
Hoër Orde Vraag	3	



2.1: Voltooi die volgende stellings deur die ontbrekende e verskaf

- Besighede word dalk nie goed deur kliënte ondersteun nie as gevolg van hul beperkte ... inkomste
Afwesigheid van werknemers wat deur MIV/VIGS geraak word, sal lei tot 'n afname in ... van die besigheid
- Vervalsing, smokkelary en misdaad kan lei tot verlies van ... vir besighede

Besighede mag dalk onder druk voel om korporatiewe sosiale verantwoordelikheid ... aan te bied in benadeelde gemeenskappe.
Dit kan weer lei tot verhoogde besigheidskoste en verlaagde ...

2.4 Betekenis van ongelykheid en armoede.

Laer orde vraag	1	Definieer die betekenis van ongelykheid en armoede.
Middelorde-vraag	2	Brei uit oor die betekenis van ongelykheid en armoede.
Hoër Orde Vraag	3	



2.2: Gebruik die onderstaande lys om die stellings te identifiseer wat onder ongelykheid en armoede sal val:

- Ontstaan wanneer sommige individue meer welvarend voorspoedig is as ander of beter geleenthede as ander individue in die samelewing gegee word.
- Die gebrek aan hulpbronne om in basiese menslike behoeftes te voorsien.
- Lei dikwels tot misdaad.
- Dra by tot armoede in die land.
- Mense is nie in staat om in hul basiese menslike behoeftes te voorsien wanneer hulle werkloos word of afgelê word nie.
- Sommige mense het meer geld as ander en het dus toegang tot onderwys, basiese gesondheidsorg en maatskaplike dienste.

Ongelykheid	Armoede
•	•
•	•
•	•

2.5 Impak van ongelykheid en armoede op besighede

Laer orde vraag	1	
Middelorde-vraag	2	Verduidelik/Bespreek/Beskryf die impak van ongelykheid en armoede op besighede.
Hoër Orde Vraag	3	



Aktiwiteit

2.3: Voltooi die volgende stellings deur die ontbrekende woord/begrip te verskaf

- Individue en kliënte het minder of geen geld om basiese goedere en dienste te koop wat die ... van besigheid sal beïnvloed.
- Armoede lei tot die voortsetting van die siklus van ... en haweloosheid wat lei tot 'n toename in misdaad, wat besighede negatief raak.
- Beperkte verbruikers besteding beteken dat besighede laer ... syfers aanteken.
- Besighede mag dalk nie ... nie as gevolg van 'n afname in verkoopssyfers.
- Besighede word onder druk geplaas deur die media om in arm gemeenskappe te ...

2.6 Inklusiwiteit en die doel van inklusiwiteit in die werkplek

Laer orde vraag	Definieer die term "inklusiwiteit"
Middelorde-vraag	Verduidelik die doel van inklusiwiteit in die werkplek
Hoër Orde Vraag	



Aktiwiteit

2.4: Voltooi die volgende stellings deur die ontbrekende woord/begrip

Betekenis van inklusiwiteit	Inklusiwiteit beteken dat almal toegang moet hê tot ... geleenthede, ongeag hul ras, geslag, seksuele oriëntasie, gestremdhede, godsdiens en opvoeding.
Doel van inklusiwiteit	Die doel van inklusiwiteit is om te verseker dat die besigheid billike ... praktyke implementeer. • Dit poog om die ... van die verlede reg te stel. Verseker dat werkplekke geskep word waar mense van verskillende rasse, geslagte en gelowe kan ... werk tot voordeel van die besigheid. • Maak seker dat hul arbeidsmag verteenwoordigend is van die ... van die land. Probeer om te verseker dat die fisiese besigheids opset voorsiening maak vir individue met ...



Aktiwiteit

Volgende blokkies raaisel deur die leidrade hieronder te

	Af 1. Kwessies wat 'n negatiewe invloed op individue se vermoë het. 3. 'n Voorbeeld van sosio-ekonomiese kwessie wat geraak word deur hoë werkloosheid. 6. Die gebrek aan hulpbronne om aan basiese menslike behoeftes te voldoen. Dwars 2. Gelyke toegang tot geleenthede ongeag ras, geslag, godsdiens of gestremdheid. 4. Dit vind plaas wanneer iemand aktief op soek na werk is, maar nie kan vind nie. 5. Die verskil in inkomstevlakke tussen ryk en arm mense 7. Besigheid ervaar hierdie wanneer kliënte nie geld het om aan goedere te bestee nie
--	--

2.7 Die negatiewe impak van MIV/Vigs op besighede.

Laer orde vraag	1	
Middelorde-vraag	2	
Hoër Orde Vraag	3	Evalueer die negatiewe impak van MIV/Vigs op besighede.



Aktiwiteit

2.6: Voltooi die volgende stellings deur die ontbrekende woord/konsep te

Verminder die ... van geaffekteerde werknemers • Verhoogde werknemers ... as gevolg van mediese afsprake vir dokter- of kliniekbesoeken. • 'n Toename in personeel ... vir die besigheid as gevolg van MIV- verwante sterftes • Bykomende ... vir besighede wanneer hulle nuwe werknemers moet aanstel en oplei. Besighede staan hoë vlakke van afwesigheid in die gesig as gevolg) van werknemers wat siek word of versoek om ... by te woon. Werknemers kan lae ... ervaar as gevolg van siek kollegas.	
--	--

2.8 Verskillende tipes dobbelary

Laer orde vraag	1	
Middelorde-vraag	2	Beskryf die verskillende tipes dobbelary
Hoër Orde Vraag	3	



2.7: Voltooi die volgende stellings deur die ontbrekende woord/konsep te verskaf

Soorte dobbelary	Verduideliking
1. Piramide-skemas	Piramideskemas verwys na besighede wat moontlik hoë inkomste kan oplewer vir mense wat hul geld daarin ... Individue belê meer en meer geld, maar dikwels ontvang net die individue aan die ... van die piramide groot bedrae geld.
2. Onwettige dobbelary	- Onwettige dobbel is wanneer ... besighede dobbel geleenthede aan die publiek aanbied. - Onwettige dobbelaktiwiteite kan ook in arm gemeenskappe plaasvind, soos wanneer mense met dobbelstene op straathoeke speel vir geld, of wanneer individue ongelisensieerde ... besoek
3. Geldwassery	Geldwassery is die proses waardeur onwettige winste uit ... in geldige besighede belê word om hul oortredings te bedek. Die bron van geld word gekamouflêer en laat lyk asof dit ... verkry was. 'n Voorbeeld van geldwassery is wanneer die opbrengs van onwettige geld wat verdien word deur dwelmhandel in 'n restaurant- of wasseryonderneming ... word.

2.9 Impak van die verskillende tipes dobbelary op besighede

Laer orde vraag	1	
Middelorde-vraag	2	Verduidelik die impak van die verskillende tipes dobbelary op besighede
Hoër Orde Vraag	3	



(negatiewe)/ of voldoende feite (negatiewe) verskaf.

Wanneer daar van jou verwag word om vrae oor die impak te beantwoord, kan jy óf slegs die voordele (positiewe); slegs die nadele wat beide die voordele (positiewe) en nadele



2.8: Opstel tipe vraag: Sosio-ekonomiese kwessies

Sosio-ekonomiese kwessies het 'n negatiewe impak op sakebedrywighede binne die onderneming. Sommige mense wend hulle tot dobbelary om hul inkomste aan te vul. Stakings het 'n negatiewe impak negatief op sakebedrywighede en kan lei tot besigheid sluiting. Armoede gee dikwels aanleiding tot misdaad.

Skryf 'n opstel oor sosio-ekonomiese kwessies waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks waarom sosio-ekonomiese kwessies 'n uitdaging vir besigheid stel.
- Verduidelik DRIE tipes dobbelary.
- Bespreek die negatiewe impak van armoede en stakings op besighede.
- Adviseer besighede oor die impak van misdaad.

[40]



Inleiding	Paragrafe
• Begin met die woord "Inleiding" as 'n opskrif. • Skryf 'n openingsverklaring wat verband hou met die instruksies van die opstelvraag. • Een algemene stelling van twee van die subopskrifte/of twee algemene stellings van een subopskrif. • Gee TWEE betekenisvolle feite om maksimum punte te behaal: $(2 \times 1) = (2)$. • Moenie die woorde wat in die aanhef gebruik word herhaal/gebruik nie.	• Moenie die woord "Liggaam" as 'n opskrif skryf nie. • Gebruik inligting in die kolpunte onder die anhef as opskrifte in die liggaam. • Breek die inligting op in logiese dele, maak gebruik van opskrifte en subopskrifte. • Die maksimum punte behaal vir die liggaam = 32 punte. • Moenie feite herhaal nie, kom tot die punt. • Antwoorde moet in kolpunte en in volsinne wees. • Plaas jou stellings in konteks.
• Gevolgtrekking / Slot	• LASO
• Begin met die woord "Gevolgtrekking" as 'n opskrif. • Eindig jou opstel met EEN sinvolle feit – en moenie herhaal wat in die inleiding/ liggaam gesê is: $(1 \times 2) = (2)$.	• Skryf die woorde Inleiding en Slot neer om volpunte te kry vir uitleg. • Skryf sub-opskrifte wat in die vraestel as kolpunte (sub- vrae) verskyn in die liggaam om 1 punt vir ontleding te kry. • Maak seker dat jy soveel korrekte feite verskaf as wat jy kan om ten minste 16 punte of meer in die liggaam te kry sodat jy nog EEN punt kry vir ontleding. • Skryf slegs antwoorde neer wat relevant is tot die vrae wat gevra word om twee punte te kry vir sintese. • Gebruik ten minste TWEE huidige voorbeelde wat uit brei oor die feite om twee punte vir oorspronklikheid te behaal.

2.10 Betekenis van vervalsing/nabootsing/stakings/ politieke protesoptogte /Geweld en misdaad

Laer orde vraag	1	
Middelorde-vraag	2	Verduidelik die betekenis van vervalsing/nabootsing/stakings/ politieke protesoptogte/geweld en misdaad
Hoër Orde Vraag	3	



2.9: Pas bogenoemde konsepte by elk van die volgende beskrywings

	• Verwys na die onwettige vervaardiging van vals goedere wat verkoop word. • Dit verwys ook na die opname van regstreekse of uitgesaaide optredes sonder die toestemming van die kunstenaars en kopiereghouers. • Voorbeelde van nabootsing sluit vals Nike-tekkies of vals Ray Ban sonbrille in wat deur straatverkopers by die strand verkoop word.
	• Vind plaas wanneer groepe mense hul beswaar uitspreek om hul afkeuring van die hantering van verskillende situasies in die land te toon. • Mense mag betoog weens die gebrek aan dienslewering in 'n spesifieke area waar hulle woon en hulle mag voel dat die regering nie genoeg doen nie byvoorbeeld die kwessie van werkloosheid in die land op los. • Betogings by universiteite oor die stadige tempo van transformasie en die uitsluiting van arm verdienstelike studente
	• Die proses van die bedrieglike vervaardiging, verandering of verspreiding van 'n produk wat van minder waarde is as die oorspronklike produk. • Verliese word gelyk deur besighede van die oorspronklike produk wat tot 'n verhoging van pryse lei. • Voorbeelde: handelsmerkklere, skoene en sokkertruie van die Engelse liga.
	• Word as 'n uiterste fisiese krag wat oor iemand uitgeoefen word om ernstige besering en ernstige liggaamlike besering of skade aan eiendom te veroorsaak. • Kan veroorsaak word deur misverstande en frustrasies van mense wat in armoede lewe. • Voorbeelde: plundering, xenofobiese aanvalle, transitorooftogte en motorkapings.
	• Enige verbode aktiwiteit wat deur die wet strafbaar is. Misdaad verwys na die verlies van goedere as gevolg van diefstal, korrupsie, misbruik, kapings en inbrake. • Dit kan ook verwys na die verlies van goedere as gevolg van diefstal, korrupsie, misbruik, kapings en inbrake.
	• Vind plaas wanneer werknemers weier om te werk, gewoonlik om 'n spesifieke kwessie te petisie. • Is gewoonlik die gevolg van 'n dispuut, soos werknemersgriewe of die vrees om in die werkplek afgelê te word. • Tipe: sloerstakings; uitsluitings en onttrekking van arbeid

2.11 Impak van bogenoemde sosio-ekonomiese kwessies op besighede.

Laer orde vraag	1	
Middelorde-vraag	2	Verduidelik/Bespreek die negatiewe impak van bogenoemde sosio-ekonomiese kwessies op besighede.
Hoër Orde Vraag	3	

Sosio-ekonomiese kwessies	Nadele [Negatiewe impak]
1. Vervalsing	• Weens die sirkulasie van vervalste produkte kan 'n afname in verkope deur besighede ervaar word. • Regskoste sal besighede se uitgawes verhoog indien regstappe teen diegene wat by onwettige aktiwiteite betrokke is geneem word. • Besighede kan gedwing word om hul pryse te verhoog om die impak wat onwettige produkte mag hê te verminder.
2. Nabootsing	• Besighede sal negatief geraak word as gevolg van verlies aan verkope. • Die besigheid sal minder egte produkte verkoop, wat tot laer wins vir die besigheid sal lei. • Besighede se uitgawes kan verhoog word as gevolg van regskostes indien regstappe geïmplementeer moet word.
3. Politieke protes/ -optogte	• Besighede sal nie teen volle kapasiteit kan funksioneer nie, te wyte aan die (hoë) afwesigheid syfer van personeel wat aan protesoptogte deelneem. • Werknemers sal nie werk toe kan reis nie weens protesaksie en dit kan laer produktiwiteit vir die besigheid tot gevolg hê. • Kleiner besighede kan gedwing word om te sluit as paaie versper word.
4. Stakings	• Stakings sal produksieverliese en vermindering in verkope tot gevolg hê. • Besighede kan gedwing word om bedrywighede te sluit na 'nstaking. • Besigheid kan skade aan hul perseel aangaan as gevolg van betogings of protesaksie.
5. Misdaad	• Personeelproduktiwiteit word by die werk verminder. • Werknemers mag berading benodig ná die voorkoms van 'n voorval wat sal lei tot hoër koste vir die besigheid. • Besighede wat in misdaadbrandpuntgebiede geleë is, sal swak geondersteun word deur kliënte wat sal lei tot verminderde wins vir die besigheid.
6. Geweld	• Geweld het 'n negatiewe uitwerking op die arbeidsmag aangesien dit 'n impak op die veiligheid en sekuriteit van werkers in die werkplek het. • Die trauma wat werkers ervaar kan lei tot 'n afname in produktiwiteit van die werknemers. • Die besigheid sal geld bestee aan werknemers wat berading benodig. • Dit kan duur wees om veiligheidsmaatreëls soos die installering van veiligheidshekke en diefwering te installeer en in stand te hou.

SAM VERVAARDIGERS (SV)

SAM Vervaardigers vervaardig klere en bykomstighede by hul fabriek. Sommige van die werkers by SV sukkel om verlot te kry om hul maandelikse anti-retrovirale medikasie af te haal. Sommige van hul kliënte en werkers spandeer meeste van hul salaris by die plaaslike casino. Baie informele handelaars verkoop replikas van die produkte wat SV produseer en dit het 'n negatiewe impak op SV.

2.10.1

Identifiseer DRIE sosio-ekonomiese kwessies wat op SV van toepassing is. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario aan te haal. (9)
Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om hierdie vraag te beantwoord.

Sosio-ekonomiese kwessie	Motivering
1.	
2.	
3.	

2.10.2

Bespreek die negatiewe impak van ELKE sosio-ekonomiese kwessie wat in Vraag 2.10.1 ge-indentifiseer is (12)

3. SOSIALE / MAATSKAPLIKE VERANTWOORDELIKHEID

3.1 Sleutelbegrippe:

- **Sosiale/Maatskaplike verantwoordelikheid:** beteken dat individue 'n plig het om in die beste belange van hul omgewing en die samelewing as geheel op te tree.
- **Korporatiewe Maatskaplike Verantwoordelikheid (KMV):** verwys na 'n maatskappy se verbintenis om die sosiale, omgewings- en ekonomiese gevolge van sy bedrywighede verantwoordelik en in ooreenstemming met publieke verwagtinge te bestuur.

3.2 Sosiale verantwoordelikheid en praktiese voorbeelde

Laer orde vraag	1	Definieer die term “sosiale verantwoordelikheid” en gee praktiese voorbeelde daarvan.
Middelorde-vraag	2	
Hoër Orde Vraag	3	



Aktiwiteit

3.1: Voltooi die volgende stellings deur die ontbrekende woord/begrip te verskaf.

- Om sosiaal verantwoordelik te wees beteken dat individue verantwoordelikheid neem vir die uitwerking van hul lewenstyl op die ... en op ander. [omgewing]
- Sosiale verantwoordelikheid beteken dat elke persoon 'n plig het om op te tree in die beste belang van hul omgewing en die ... as 'n geheel.
- Elke individu en organisasie kan bydra tot die welstand van die ... en die omgewing waarin hulle leef.

Sommige van die mees algemene voorbeelde van sosiale verantwoordelikheid sluit in:

1. Verminder ons koolstof voetspore:	• 'n koolstofvoetspoor verwys na die hoeveelheid koolstofdioxide 'n persoon of maatskappy se aktiwiteite vrystel. • Hierdie kan direkte vrystellings van fossielbrandstofverbranding insluit, byvoorbeeld in vervaardiging, verhitting, vervoer en elektrisiteit.
2. Skenkings aan liefdadigheids-organisasies	• Wanneer jy ander help, sal dit jou bemagtig. Jy kan ook gelukkiger voel.
3. Vrywilligerswerk in die gemeenskap	• dit is 'n manier hoe 'n persoon of groep van mense in 'n gemeenskap deelneem aan vrywillige maatskaplike, liefdadigheids- en omgewingsaktiwiteite vir die verbetering van 'n gemeenskap.

3.2:

Korporatiewe Maatskaplike/Sosiale Verantwoordelikheid

3.2.1 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

MINKE SUPERMARK (MS)

Minke, die eienaar by Minke Supermark neem haar maatskaplike verantwoordelikheid baie ernstig op. Sy herwin al haar afval en help by die plaaslike sopkombuis.

3.2.1.1

Noem TWEE voorbeelde van maatskaplike verantwoordelikheid uit die scenario hierbo. (2)

3.2.1.2

Brei uit oor die betekenis van maatskaplike verantwoordelikheid. (4)

3.3 Inisiatiewe wat besighede kan neem om sosio-ekonomiese kwessies aan te spreek.

Laer orde vraag	1	
Middelorde-vraag	2	
Hoër Orde Vraag	3	Beveel inisiatiewe voor wat besighede kan neem om sosio-ekonomiese kwessies aan te spreek.



Die gebruik van die aksiewerk woord bepaal die antwoorde wat vereis word en die nasienbeginsels wat toegepas sal word wanneer jou antwoorde gemerk word.

Beveel aan / Stel voor: Twee punte sal toegeken word vir korrekte feite/stellings aan die einde van die korrekte stellings/feite.

Kom ons kyk na 'n voorbeeld:

Armoede en ongelykheid

- Besighede kan armoede verligtingsprogramme wat deur die regering aangebied word ondersteun ✓✓
- Hulle kan ook dinge soos geld of kospakkies aan plaaslike NRO's (Nie-regeringsorganisasies) skenk. ✓✓
- Sommige besighede belê in jong entrepreneurs wat begin wat moontlik 'n mededinger, koper of verskaffer kan word. ✓✓
- Besighede kan beurse aan matrikulante aanbied vir skaars vaardighede binne hul organisasies. ✓✓
- Besighede kan ook hul werknemers se vaardighede opgradeer deur doelgerigte opleiding in die werkplek aan te bied. ✓✓



3.3 Voltooi die volgende stellings deur die ontbrekende woord/konsep te verskaf

Inklusiwiteit

Besighede behoort bestuurders en werknemers op te voed oor die voordele van ... in die werkplek.

Hulle moet nuwe ... van werwing tot prestasie-evaluasies en bevorderings skep. [beleide]

Besighede moet ook individuele ... in die arbeidsmag waardeer en werknemers welkom en tuis laat voel.

Hulle moet die ... ontwerp sodat dit nie enige werknemers skei op grond van hul spesiale vereistes en behoeftes nie.

MIV/vigs

Besighede kan gereeld ... en inligtingsessies oor die uitwerking van MIV/VIGS aan die werknemers aanbied.

Besighede kan ... programme vir geaffekteerde persone beskikbaar stel.

Besighede moet ... ontwikkel om kwessie rondom stigma en diskriminasie te hanteer.

Besighede kan vrywillige MIV/VIGS ... en berading in die werkplek beskikbaar stel

Dobbelary

Besighede kan programme aanbied vir die ... oor gevare van dobbelary

Hulle kan ook finansiële ... bewusmaking programme aanbied.

Hulle kan werknemers wat aan dobbelary ... is stuur vir sielkundige terapie en hulle aanmoedig om aan te sluit by Gamblers Anonymous.

Rowery

Besighede moet ... skep van die nadelige impak van onwettige pieering kopiëring.

Hulle kan hul ... eiendom en elektroniese uitvindings deur kopiereg en patente beskerm.

Sagteware produk ... verminder eindgebruiker kopiëring.

Peutervrye sagteware is ontwerp om die sagteware teen ... te beskerm.

Vervalsing/Nabootsing

Besighede moet kliënte ... maak van vervalsing.

Besighede kan 'n patent, handelsmerk of kopiereg verseker, en dit ... in ander lande waar vervalste produkte kan ontstaan.

Besighede kan gebruik maak van ... om om unieke patrone en ontwerpe te identifiseer.

Besighede word aangemoedig om vervalsers te vervolg deur die mark te ...

Besighede moet maklike maniere vir hul kliënte vind om vals (fake) produkte te ... en te rapporteer

Geweld

Besighede moet hul werknemers 'n Werknemer bystandsprogram (WBP) aanbied, wat hulle in staat sal stel om hulp te soek wanneer hulle ... probleme ervaar.

Besighede kan ook ... fasiliteite voorsien of werknemers verwys na private beraders.

Misdaad

Besighede moet hul werknemers ... om aan die gemeenskap polisiëringsforums deel te neem.

Hulle moet ook betrokke raak by ... projekte binne die plaaslike gemeenskap.

Besighede kan spesiale sportsoorte programme borg deur ... te verskaf vir spesiale gemeenskapsgeleenthede.

3.4 Die mate waarin hierdie inisiatiewe die sosio-ekonomiese kwessies aangespreek het

Laer orde vraag	1	
Middelorde-vraag	2	
Hoër Orde Vraag	3	Evalueer die mate waarin bogenoemde inisiatiewe die sosio-ekonomiese kwessies aangespreek het

3



Aktiwiteit

Volgende stellings deur die ontbrekende woord/konsep te

Armoede en ongelykheid

Inkomste-ongelykheid en armoede in Suid Afrika het ...

Shoprite verskaf onmiddellike armoede-verligting deur hul ... kombuise.

Woolworths se skenkings aan skole en liefdadigheidsorganisasies verskaf maandeliks ... bydraes om ongelykheid aan te spreek.

ABSA bied leerlingskappe aan wat tot ... kan lei.

Suid-Afrika vorder ... om armoede te verminder.

Inklusiwiteit

- Vordering bly ...
- Baie besighede sukkel steeds om hul arbeidsmag te ...

MIV/vigs

- Sedert die begin van die Treatment Action Campaign (TAC)-veldtog in 1998, was daar groter ... en ondersteuning vir MIV/Vigs.
- Dit het bygedra tot die ... in die aantal mense wat aan vigs sterf en/of deur MIV/vigs geraak word.

Dobbelary

- Die inisiatiewe het baie min ... op die vlak van dobbel gehad
- Die aantal mense wat aan dobbelary deelneem het marginaal die afgelope dekade ...

Rowery

- Seerowery vind feitlik in alle ... plaas.
- Die ... bied aan roofkopieerders 'n nuwe en kragtige manier om produkte te verkoop.

Vervalsing/Nabootsing

- Die ... skaal vir vervalste goedere is groot, en dit het gegroei sedert vorige skattings.

- Die ... sal na verwagting voortduur.

Geweld

- Suid-Afrika is die 10de swakste ... in die wêreld vir geweldsvermindering.

Misdaad

- Gedurende die 2019/20-tydperk het die algehele misdaad vlakke ... in vergelyking met die vorige jaar.



3.5: Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae verskaf. Kies die korrekte antwoord.

- 3.5.1** Hierdie verwys na individue wat 'n plig het om in die beste belang van die omgewing en die samelewing hul op te tree
- A. Korporatiewe Sosiale/Maatskaplike Verantwoordelikheid
 - B. Omgewingsverantwoordelikheid
 - C. Sosiale verantwoordelikheid
 - D. Sosio-ekonomiese kwessies
- 3.5.2** Besighede moet kenmerkende patrone skep deur spesiale toestelle te gebruik om vals (fake) produkte te ontbloot as 'n inisiatief wat ... aanspreek
- A. nabootsing.
 - B. inklusiwiteit.
 - C. rowery.
 - D. politieke protes optogte
- 3.5.3** Die volgende inisiatief kan deur besighede geneem word om geweld aan te spreek.
- A. Besighede moet hul werknemers aanmoedig om aan die gemeenskap polisiëring forums deel te neem.
 - B. Besighede moet voortdurend daarna streef om uitdagings aan te spreek deur verbeterde verhoudings met hul werknemers.
 - C. Besighede moet bewustheid van Rowery verhoog.
 - D. Besighede kan beradingsfasiliteite verskaf of werknemers na private beraders verwy .
- (3 × 2)**



3.6: Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat

volg:

THABO VERVAARDIGERS (TV)

Baie van die werknemers by Thabo Vervaardigers is MIV-positief. TV moedig hulle aan om by 'n MIV/VIGS-ondersteuningsprogram aan te sluit. TV bied ook aan vrywillige MIV/VIGS-toetsing en berading in die werkplek aan.

- 3.6.1 Identifiseer TWEE inisiatiewe wat Thabo Vervaardigers geïmplementeer het om MIV/VIGS as 'n sosio-ekonomiese kwessie aan te spreek. (6)
- 3.6.2. Verduidelik ander inisiatiewe wat TV kan neem om MIV/VIGS aan te spreek. (6)
- 3.6.3. Beveel inisiatiewe aan wat besighede kan neem om die volgende sosio-ekonomiese kwessies aan te spreek:
 - 3.6.3.1 misdaad (4)
 - 3.6.3.2 dobbel (4)
 - 3.6.3.3 ongelykheid en armoede (4)

4. ONDERNEMINGSVORME

4.1 Sleutelkonsepte:

- **Ondernemingsvorm:** die regsposisie van 'n besigheid en die manier hoe dit besit word.
- **Kontinuiteit:** die besigheid bly bestaan selfs al vind 'n verandering van eienaarskap plaas, byvoorbeeld, 'n lid of aandeelhouer sterf of tree af.
- **Sekuriteite:** aandele en effekte uitgereik deur 'n maatskappy.
- **Beperkte aanspreeklikheid:** 'n regstatus waar 'n persoon se finansiële aanspreeklikheid vir die skuld van die besigheid beperk is tot die bedrag wat die persoon in besigheid belê het.
- **Onbeperkte aanspreeklikheid:** sake-eienaars is verantwoordelik vir al die besigheid se skuld.
- **Memorandum van Inkorporasie (MOI):** 'n dokument wat die regte, pligte en verantwoordelikhede van aandeelhouders, direkteure en ander belanghebbendes binne die besigheid bevat.
- **Eienaar:** die eienaar van 'n besigheid.
- **Vennootskap:** 'n ooreenkoms tussen twee of meer partye wat ooreengekom het om saam te werk in die nastrewing van gemeenskaplike besigheids doelwitte.
- **Koöperasie:** 'n vrywillige vereniging wat begin is met die doel om aan die lede/eienaars se gemeenskaplike ekonomiese en sosiale behoeftes/aspirasies te voldoen deur 'n demokraties-beheerde onderneming te stig wat in gesamentlike besit is.
- **Maatskappy:** 'n tipe besigheidstruktuur wat 'n aparte regsentiteit van sy eienaars het.
- **Maatskappy met winsoogmerk:** 'n besigheidsentiteit wie se doel dit is om wins uit gereelde bedrywighede te genereer.
- **Maatskappy sonder winsoogmerk:** 'n maatskappy wat vir publieke voordeel ingelyf is.
- **Publieke maatskappy:** 'n maatskappy wie se aandele vrylik op 'n aandelebeurs verhandel word.
- **Privaat maatskappy:** 'n maatskappy wie se aandele nie aan die publiek te koop aangebied mag word nie.
- **Staatsbeheerde maatskappy :** 'n regsentiteit wat deur die regering geskep word om namens die regering aan kommersiële aktiwiteite deel te neem.
- **Prospektus:** 'n dokument wat die publiek uitnooi om sekuriteite of aandele te koop.
- **Algemene Jaarvergadering (AJV):** 'n vergadering word een keer per jaar gehou waar die aandeelhouders 'n verslag ontvang wat aandui hoe goed of swak die maatskappy gevaar het.
- **Direkteure:** mense wat deur die aandeelhouders tot die direksie van 'n maatskappy verkies word om die aandeelhouders se belange te verteenwoordig.
- **Oudit:** 'n proses waar die finansiële state van die onderneming nagegaan word om te bevestig dat dit korrek is.

4.1 Verskillende



ondernemingsvorme

Neem asb. kennis: Jy sal nie getoets word oor beslote korporasies nie

4.2 Verskil tussen winsgewende en nie-winsgewende organisasies/maatskappye

Laer orde vraag	1	
Middelorde-vraag	2	Skets/Verduidelik die verskille tussen wins en nie-wins organisasies/maatskappye
Hoër Orde Vraag	3	



4.1: Dui aan watter van die volgende stellings verwys na winsgewende maatskappye en watter stellings verwys na nie-winsgewende maatskappye

- Hierdie maatskappy word gestig vir liefdadigheidsdoeleindes of om sosiale en kulturele aktiwiteite te bevorder.
- Hierdie maatskappy is gestig met een doel om wins te maak.
- 'n Maatskappy geïnkorporeer vir finansiële gewin vir sy aandeelhouers
- 'n Maatskappy wat 'n vereniging is wat sonder winsoogmerk geïnkorporeer is.
- Organisasies wat nie verplig word om belasting op netto inkomste te betaal nie.
- Organisasies wat verantwoordelik is vir die betaling van belasting gebaseer op hul wins.

Wins Maatskappye	Maatskappye sonder winsoogmerk
•	•
•	•
•	•

4.3 Betekenis van verskillende ondernemingsvorme

Laer orde vraag	1	Definieer die betekenis van verskillende ondernemingsvorme
Middelorde-vraag	2	
Hoër Orde Vraag	3	



4.2: Ondernemingsvorme

Verskaf die ontbrekende woord/e om die stellings hieronder te voltooi

Ondernemingsvorme	Betekenis
1. Alleenhandelaar / Eienaar	'n Alleenhandelaar is 'n besigheid wat deur ... persoon besit en bestuur word. - Die eienaar is verantwoordelik vir die aktiwiteite en ... van die besigheid. - Die eenmansaak is hoofsaaklik afhanklik van sy eie ... en die besigheid is oor die algemeen 'n kleinskaalse besigheid.
2. Vennootskap	'n Vennootskap is 'n ... waar partye, bekend as sakevennote, ooreenkom om 'n besigheid te vorm vir hul gemeenskaplike belang. - Dit is 'n ooreenkoms tussen twee of ... mense wat arbeid, kapitaal en hulpbronne kombineer vir 'n gemeenskaplike doelwit. - Die ... kan individue, besighede of kombinasies wees. - Vennote deel die verantwoordelikheid van die besigheid, en hulle deel die finansiële en bestuur ... van die besigheid.
3. Private Maatskappy	'n Private maatskappy is 'n maatskappy wie se aandele nie aan die ... te koop aangebied mag word nie. - Dit is 'n wettige ... en sy bedrywighede is minder streng as dié van 'n publieke maatskappy. 'n Privaat maatskappy is 'n maatskappy wat privaat gehou word vir ... besighede. - Dit moet as 'n ... in eie reg registreer.
4. Persoonlike Aanspreeklikheid Maatskappy [PAM]	'n Persoonlike aanspreeklikheidsmaatskappy word hoofsaaklik gebruik deur ... soos prokureurs en rekenmeesters. - Die ... van die persoonlike aanspreeklikheidsmaatskappy eindig met Inc. - Direkteure van die maatskappy, sowel as vorige direkteure, sal verantwoordelik wees vir die ... van die maatskappy.
5. Publieke / Openbare Maatskappy	- Die publieke maatskappy is 'n maatskappy wat geregistreer is om ... en effekte aan die algemene publiek aan te bied. - Openbare maatskappye verhandel in 'n ... mark genaamd die Johannesburgse Effekte beurs om kapitaal in te samel. - Eienaarskap van 'n publieke maatskappy word verdeel tussen ... deur die vrye verhandeling van aandele en effekte.
6. Maatskappy in Staatsbesit [MSB]	- In 'n maatskappy in staatsbesit is die ... 'n groot aandeelhouer, en dit val onder die Departement van Openbare Ondernemings. - Hierdie maatskappye vervul spesifiek ... en werk in ooreenstemming met 'n bepaalde wet. - Hulle speel die rol van ... onderneming namens die regering. - Voorbeelde van maatskappye in staatsbesit sluit die SAL, Eskom, Transnet
7. Nie-winsgewende Maatskappy [NWM]	'n Maatskappy sonder winsbejag is 'n regsentiteit wat georganiseer en bedryf word vir 'n kollektiewe, openbare of ... voordeel. - Dit sluit kerke, liefdadigheidsorganisasies en kultuurorganisasies in. - Die primêre doel van 'n NWM is om tot ... die publiek dienste te verrig en nie om wins te maak nie.
8. Koöperasies	'n Koöperatiewe vereniging is 'n ... vereniging wat gestig word met die doel om dienste aan sy lede te lewer. - Dit is 'n vorm van besigheid waar mense met soortgelyke ... skakel vir die bevordering van gemeenskaplike doelwitte. 'n Koöperasie is 'n tradisionele manier vir 'n groep belanghebbende partye om bymekaar te kom om hulpbronne/infrastruktuur en koste te ... om 'n beter uitkoms te bereik.



Jy moet in staat wees om ondernemingsvorme te kan identifiseer uit gegewe gevallestudies/scenario/spotprente/prente

4.4 Die kenmerke/voordele/nadele van elke ondernemingsvorm

Laer orde vraag	1	
Middelorde-vraag	2	Brei uit/Verduidelik/Beskryf/Bespreek die kenmerke/voordele/ nadele van elke ondernemingsvorme
Hoër Orde Vraag	3	

Verwys na die Gr 10 Besigheidstudies Handboek of 2023 Kernnotas wat aan jou uitgereik is vir 'n omvattende antwoord op bogenoemde vraag

Opsomming van die kenmerke van die verskillende vorme van eienaarskap

Neem asb. kennis: Jy sal nie getoets word oor beslote korporasies nie

ONDER-NEMINGS-VORM	NAAM VAN BESIGHEID	VORMINGS-PROSEDURE	AANTAL LEDE	KONTINUÏTEIT	PERSOONLIKE AANSPREEK-LIKHEID	WINS VERDELING
<u>Eenmansaak</u>	<u>Geen</u>	<u>Maklik en goedkoop</u>	<u>Een</u>	<u>Gebrek aan kontinuiteit in die geval van dood of siekte.</u>	<u>Geen regspersoonlikheid</u>	<u>Alles aan die eienaar</u>
<u>Vennootskap</u>	<u>Geen</u>	<u>Vennootskap-ooreenkoms is benodig</u>	<u>Minimum twee</u>	<u>Ontbind by dood van een van die vennote</u>	<u>Geen regspersoonlikheid</u>	<u>Winst onder vennote soos per die ooreenkoms</u>
<u>Beslote korporasie</u>	<u>Eindig met die letters BK</u>	<u>Stigtingsverklaring geregistreer by registrateur CKI</u>	<u>Een tot tien lede</u>	<u>Onbeperkte kontinuiteit</u>	<u>Afsonderlike regspersoonlikheid</u>	<u>Gedeel deur lede</u>
<u>Privaat maatskappy</u>	<u>Eindig met die letters (EDMS) BPK</u>	<u>Akte van Inlywing by Registrateur</u>	<u>Minimum een</u>	<u>Onbeperkte kontinuiteit</u>	<u>Afsonderlike regspersoonlikheid</u>	<u>Winst word gedeel in die vorm van dividende</u>
<u>Publieke maatskappy</u>	<u>Eindig met die letters BP</u>	<u>Akte van Inlywing by Registrateur</u>	<u>Minimum een</u>	<u>Onbeperkte kontinuiteit</u>	<u>Afsonderlike regspersoonlikheid</u>	<u>Winst word gedeel in die vorm van dividende</u>
<u>Staatsbeheerde maatskappy</u>	<u>Eindig met die letters SBM</u>	<u>Akte van Inlywing by Registrateur</u>	<u>Een of meer aandeelhouders</u>	<u>Onbeperkte kontinuiteit</u>	<u>Afsonderlike regspersoonlikheid</u>	<u>Geen wins-verdeling</u>
<u>Nie-winsgewende maatskappy</u>	<u>Eindig met NWM</u>	<u>Akte van Inlywing by Registrateur</u>	<u>Een of meer aandeelhouders</u>	<u>Onbeperkte kontinuiteit</u>	<u>Afsonderlike regspersoonlikheid</u>	<u>Alle winste word gebruik vir die doel van die NWM</u>
<u>Persoonlike Aanspreeklikheids-maatskappy</u>	<u>Eindig met GEÏNK</u>	<u>Akte van Inlywing by Registrateur</u>	<u>Een of meer aandeelhouders</u>	<u>Onbeperkte kontinuiteit</u>	<u>Geen regspersoonlikheid</u>	<u>Winst word gedeel in die vorm van dividende</u>
<u>Koöperasie</u>	<u>Eindig met Koöperasie Bpk.</u>	<u>Registreer by die Registrateur van Koöperasies</u>	<u>Minimum vyf lede</u>	<u>Onbeperkte kontinuiteit</u>	<u>Afsonderlike regspersoonlikheid</u>	<u>Winst word gelyk verdeel tussen lede</u>



4.3: Ondernemingsvorme

4.3.1
4.3.2

1.1 Beskryf kortliks die kenmerke van 'n eenmansaak. (6)

1.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

MERCY KLEREMAKER (MK)

Mercy Kleremaker spesialiseer in die nuutste style vir dames. Mercy is die eienaar van die besigheid. Matome, die eienaar van 'n mansklerewinkel het Mercy versoek om 'n gesamentlike sakeonderneming te vorm wat M & M Boetiek genoem sal word.

4.3.2.1 Identifiseer TWEE ondernemingsvorme wat in die scenario hierbo genoem word.

Motiveer jou antwoord deur uit die scenario aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 1 te beantwoord

4.3.2.1 te beantwoord

ONDERNEMINGSVORME	MOTIVERING
1.	
2.	

4.3.3 Verduidelik die verskille tussen die TWEE ondernemingsvorme wat in VRAAG 1 geïdentifiseer is.

4.3.2.1

[20]

4.5 Die verskille tussen die verskillende ondernemingsvorme

Laer orde vraag	1	
Middelorde-vraag	2	Onderskei/Onderskei tussen verskillende vorme van eienaarskap.
Hoër Orde Vraag	3	



Die verskille/onderskeidings hoef nie verband te hou nie, maar dit moet duidelik wees.

Eenmansaak	Vennootskap
• 'n Eenmansaak is 'n individu wat 'n besigheid in sy geheel besit. • Besluite kan vinnig geneem word aangesien dit deur een persoon geneem word. • Die wins gaan na die eienaar.	• 'n Vennootskap bestaan uit twee of meer mense wat van voorneme is om wins te maak. • Daar kan 'n verdraging in besluitneming wees aangesien die insette van alle vennote nodig is. • Wins word tussen die vennote gedeel volgens die vennootskap ooreenkoms.



Wanneer gevra word om verskille te lys, hoef die antwoord nie in tabelvorm te wees nie, maar die verskille moet duidelik wees.

Privaat maatskappy	Publieke maatskappy
--------------------	---------------------

• Mag nie aandele aan die algemene publiek aanbied nie.	• Verhandel sy aandele in die openbaar op die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSE).
• Aandele is nie vrylik oordraagbaar nie.	• Aandele is vrylik oordraagbaar.
• Minimum van een direkteur.	• Minimum van drie direkteure.
• Naam moet eindig met Eiendom Beperk (Edms) Bpk	• Naam moet eindig met Beperk/Bpk.
• Finansiële jaarstate hoef nie geouditeer en gepubliseer te word nie.	• Finansiële jaarstate moet geoudit en gepubliseer word.
• Het nie nodig om 'n prospektus te publiseer nie, aangesien dit nie sy aandele in die openbaar kan verhandel nie.	• Moet 'n prospektus by die Maatskappye en Intellektuele Eiendomskommissie (CIPC) registreer.

4.6 Verskillende tipes koöperasies

Laer orde vraag	1	Noem die verskillende tipes koöperasies
Middelorde-vraag	2	
Hoër Orde Vraag	3	

1. Behuisingskoöperasie	2. Werkers koöperasie	3. Sosiale koöperasie	4. Landboukoöperasie
5. Koöperatiewe begrafnisvereniging	6. Finansiële dienste koöperasie	7. Verbruikerskoöperasie	8. Vervoer koöperasie

Eienskappe van koöperasies

- 'n Minimum van vyf lede word vereis om 'n koöperasie te begin.
- Die woorde 'Koöperasie Beperk' moet aan die einde van die naam verskyn.
- Hulle het 'n demokratiese struktuur, met elke lid wat een stem het.
- Hulle word gemotiveer deur diens eerder as wins.

Voordele van koöperasies

- Toegang tot hulpbronne en befondsing.
- Besluitneming word deur 'n groep gedoen.
- Lede het beperkte aanspreeklikheid.
- Die besluite is demokraties en regverdig.

Nadele van koöperasies

- Moeilik om 'n koöperasie te laat groei.
- Aandele is nie vrylik oordraagbaar nie.
- Baie min bevorderingsposte vir personeel.
- Besluite is dikwels moeilik om te bereik en tydrowend.